

Sing vooraf staande: Skrifberyming 15-1:1, 2

- 1 Ek buig voor God die Vader biddend neer, / voor Hom deur Wie gelowiges mag lewe:
dié reeds verhoog, in hemele verhewe, / en dié wat nog in aardse tyd verkeer.
- 2 Mag God nou deur sy Gees in julle werk, / jul uit sy ryke heerlijkheid bekragtig
sodat in julle woon die Christus magtig / en jul in liefde vasstaan, stewig, sterk.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 48:1, 4 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.

Gebed

Psalm 122:1, 2 (p. 610)

- 1 Ek was verheug toe die geluid / weerklink het bo die ruimtes uit:
Kom, laat ons optrek hiervandaan, / om na die HEER se huis te gaan!
O heil'ge stad, gelukkige oord, / ons voete staan nou in jou poort!
Jerusalem, waar al die stamme / op Gods bevel hul feesdag hou,
Jerusalem is goed gebou / en glinster in die son se vlamme.
- 2 Daar staan die Dawidstroon gestig – / 'n regterstoel vir die gerig.
Gelukkig hy wat jou bemin, / wat juigend gaan jou poorte in
en bid dat vrede lank mag duur / in jou paleis en vestingmuur.
Om vriende en broers soek ek jou vrede; / en om Gods huis, my hoogste skat,
soek ek vir jou die goeie, o stad, / wat skoonste is van alle stede.

Skriflesing: Matteus 16:13-20; 1 Korintiërs 2:1-5; Galasiërs 1:6-10;
Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 29

Kernvers: Matteus 16:16-19

Simon Petrus het geantwoord: “U is die Christus, die Seun van die lewende God.”

“Gelukkig is jy, Simon Barjona,” het Jesus vir hom gesê, “want dit is nie ’n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is. En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. Ek sal aan jou die sleutels van die koninkryk van die hemel gee, en wat jy op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly; en wat jy op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly.”

(Matteus 16:16-19 AFR83)

Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 29

Die kenmerke van die ware en die valse kerk

Ons glo dat ons sorgvuldig en met groot oplettendheid uit die Woord van God behoort te onderskei watter kerk die ware kerk is, aangesien al die sektes wat daar vandag in die wêreld is, hulle ten onregte die naam kerk toe-eien. Ons praat hier nie van die huigelaars wat in die kerk met die goeies vermeng is en tog nie aan die kerk behoort nie alhoewel hulle uiterlik daarin is; maar ons sê dat 'n mens die liggaam en die gemeenskap van die ware kerk moet onderskei van al die sektes wat beweer dat hulle kerk is. Die kenmerke waaraan ons die ware kerk kan uitken, is die volgende: Wanneer die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik om die sondes te straf – kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp, en Jesus Christus as die enigste Hoof erken. Hieraan kan ons met sekerheid die ware kerk uitken, en niemand het die reg om hom daarvan af te skei nie.

Vervolgens, aangaande die lidmate van die kerk: Ons kan hulle uitken aan die kenmerke van die Christene, naamlik hulle geloof dat hulle die enigste Verlosser Jesus Christus aangeneem het en dat hulle daarna die sonde ontvlug, die geregtigheid najaag, die ware God en hulle naaste liefhet, nie regs of links afwyk nie en hulle sondige natuur met sy werke kruisig. Hiermee sê ons nie dat daar nie nog groot swakheid in hulle is nie; inteen-deel, deur die Gees stry hulle juis al die dae van hulle lewe daarteen, terwyl hulle altyd weer hulle toevlug neem tot die bloed, die dood, die lyding en gehoorsaamheid van die Here Jesus Christus, in wie hulle deur die geloof in Hom vergewing van hulle sondes het.

Wat die valse kerk betref: dit skryf aan homself en sy besluit meer mag en gesag toe as aan die Woord van God; dit wil homself nie aan die juk van Christus onderwerp nie; dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord beveel het nie, maar neem weg en voeg by na eie goeddunke; dit vertrou meer op mense as op Christus, en dit vervolg hulle wat volgens die Woord van God heilig lewe en wat die valse kerk oor sy euwels, gierigheid en afgodery bestraf.

Hierdie twee kerke kan maklik uitgeken en van mekaar onderskei word.

Matt 13; 2 Tim 2:18-20; Rom 9:6; Efes 2:20; Joh 10:4, 14; Matt 28:20; Gal 1:8; 1 Kor 11:20; Kol 1:23; Hand 17:11; Joh 18:37; Efes 1; Joh 8:47; 17:20; 1 Joh 4:2 (en 3:9); Rom 6:2; Gal 5:17, 24; Rom 7:5; Kol 1:12; 2:18-19; Ps 2:3; Open 2:9; 17:3; Joh 16:2.

Tema: Die ware kerk is dié kerk wat aan Christus alleen gehoorsaam bly

Geliefde gemeente van Jesus Christus, by baie van ons en meestal by ons kinders en die jonger lidmate is daar 'n verwarring oor die baie verskillende kerke in hierdie wêreld. Hierdie verwarring veroorsaak dat lidmate van Christus soms sukkel om die onderskeid tussen die verskillende kerke raak te sien. Baie mense sal sê dat al die kerke tog die een Here aanbid en dien, daarom maak dit nie saak by watter kerk jy jou voeg nie. Nou moet ons eers baie duidelik stel dat ons nie die verskillende kerke teenoor mekaar gaan opweeg nie. Ons gaan nie nou tussen die Gereformeerde Kerke en die NG Kerke en ander baie kerke in ons dorp 'n lys maak om te sien watter een is beter as die ander een nie. Wie dit doen, sal verseker hoogmoedig word, want in die meeste gevalle sal 'n mens die kerk waarin jy is altyd hoër skat as die ander kerke. En kort voor lank sal dit lyk asof net die kerk waarin jy is ooit die ewige lewe sal ontvang terwyl die ander kerke verlore gaan.

In Artikel 28 bely ons immers dat dit die plig van elke ware gelowige is om hom en haar by die ware kerk te voeg, want buite die kerk van die Here is daar geen saligheid nie. Met hierdie plig op die gelowige se skouers beteken dit dat die ware gelowige tussen al die verskillende kerke moet kan onderskei watter kerk die ware kerk is. Almal wat die naam *kerk* vir hulleself toe-eien is nie noodwendig 'n ware kerk nie. Dus moet 'n mens jou nie deur die gebruik van die naam *kerk* laat flous

nie. As die Satan by magte is om homself as 'n engel van die lig voor te doen, kan en sal hy sy volgelinge en ander dwaalleraars ook in staat stel om hulle voor te doen as navolgers van die ware lig, naamlik van Christus. En met die naam *kerk* is dit maklik om mense te flous.

Daarom bely ons dat 'n mens nie net aan die naam *kerk* alleen gelei moet word nie. Alle mense is deur en deur sondaars en alles wat 'n mens doen en sê is steeds met sonde beplek. Aan woorde wat vir ons veilig en heerlik klink, kan mense maklik 'n ander betekenis gee soos aan die naam *kerk*. Om ons dan daarvan te bewaar dat ons agter die woorde van mense aan verlei word, het die Heilige Gees ons vaders gelei om te sê hoe die ware gelowige die ware kerk sal kan onderskei van die ander groepe wat ook die naam *kerk* dra. Om te kan onderskei watter kerk die ware kerk is, moet ons terugkeer na die onfeilbare waarheid wat God aan ons gegee het, naamlik sy Woord.

Die Woord van God is die enigste riglyn en meetsnoer wat ons mag en kan aanlê om te beoordeel of 'n kerk 'n ware kerk is of nie. Die Bybel is onfeilbaar en meet presies, want dit is ons heilige God se Woord. Nou kan dit ook gebeur dat twee mense met die Bybel 'n kerk beoordeel en miskien nie tot dieselfde gevolgtrekking kom nie. Om hierdie probleem te oorkom het Christus sy Heilige Gees aan ons gegee om die Woord van God reg te gebruik en te verstaan. Die Heilige Gees is immers die eerste en beste Verklaarder van die Bybel, want onder sy leiding is die Bybel geskryf.

Dus, broers, susters en kinders, bid ons om die leiding en wysheid van die Heilige Gees sodat ons aan die hand van die Bybel sal kan beoordeel watter kerk die ware kerk is waarby die Here ons verplig om ons te voeg. Uit die ondersoek en bestudering van die Woord van God het dit geblyk dat daar drie kenmerke is waaraan 'n mens kan agterkom of 'n kerk die ware kerk is. ***Wanneer die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik om die sondes te straf***, kan 'n mens met groot vrymoedigheid aanneem dat dit die ware kerk is. Aangesien al drie hierdie kenmerke uit die Woord van God kom, vat ons hulle saam met hierdie woorde: ***kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiweren Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken***, is hulle die ware kerk.

Met die woorde van Paulus aan die Korintiërs lei die Heilige Gees ons om te begryp wat ons bedoel met die suiweren verkondiging van die evangelie. By die Grieke was daar verskillende filosofiese rigtings, afgesien van die verskillende klomp gode wat deur hulle aanbid is, en elkeen van hierdie filosofiese rigtings het sy eie weg tot verlossing vir die mense verkondig. Elke leier van hierdie verskillende filosofiese rigtings wou graag soveel as moontlik volgelinge hê. Daarom het elkeen probeer om met meer wysheid en met meer boeiende woorde mense oor te haal tot sy filosofiese rigting.

Paulus, 'n dienskneg van die lewende God, is egter deur die Heilige Gees oortuig dat daar net een weg tot verlossing is en dit is deur Jesus Christus. Daarom het hy hom voorgeneem om nie allerhande menslike wysheid of hoë woorde te gebruik nie. Maar hy het hom voorgeneem om met hulle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus en wel oor Hom as die gekruisigde. Dit beteken nie dat die evangelie net tot die kruisdood van Jesus Christus beperk word nie. Om Jesus as die Christus en wel Hom as die gekruisigde te verkondig word die sentrale gebeurtenis van die evangelie beklemtoon om dit van alle ander sogenaamde verlossingsboodskappe te onderskei. Net die evangelie verkondig dat God sy Seun nie gespaar het nie, maar Hom ter wille van mense oorgegee om vir hulle sondeskuld te betaal en vir hulle die weg na die lewe en die ewige lewe self te gee.

As 'n mens enigsins sou dink dat dit maar net Paulus se persoonlike voorliefde was om die evangelie so te verkondig, wys die Heilige Gees ons op die woorde van Jesus self. Vir die kerk om ware kerk te wees, is dit nodig dat hulle die waarheid van Jesus sal verkondig. Daarom dring Jesus

by sy dissipels daarop aan dat hulle duidelik moet sê wie Hy is. Sonder om te twyfel sê die dissipels by monde van Petrus:

U is die Christus, die Seun van die lewende God. (Matteus 16:16 AFR83)

Hierdie waarheid is nie deur mense uitgedink nie. Hierdie inhoud van die evangelie is nie sommer maar net Paulus se eie voorliefde nie. Dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God, wat vir ons sondes gekruisig is, is die openbaring van ons Vader wat in die hemel is.

Waar die evangelie dan ook al so suiwer verkondig word, kan ons verseker weet dat Christus sy kerk – die ware kerk – daar vergader het. Jesus sê immers dat hierdie suiwer verkondiging van Jesus Christus die rots is waarop Hy sy kerk sal bou. As Jesus nie as die gekruisigde Christus verkondig word nie, en as dit uit die prediking nie duidelik word dat Christus die enigste Hoof van sy kerk is nie, kan ons seker weet dat Christus se kerk nie daar bymekaar is nie, want die saligheid wat alleen deur Jesus Christus vir ons aan-gebreek het, word dan nie daar verkondig nie. Daardie mense hoor nie van Jesus as die enigste Verlosser en Hoof van die kerk nie, en is dus nog buite die saligheid.

Waar die evangelie immers suiwer gepreek word, is dit Christus wat sy kerk bou. Paulus het by die Korintiërs gepreek, bewus van sy eie swakheid, en met groot angs en huiwe-ring. Die oortuigingswerk het dan mos nie van Paulus af uitgegaan nie maar van die Heilige Gees. Deur die kragtige werking van die Heilige Gees het die Korintiërs oortuig geraak dat Jesus Christus die enigste Verlosser is. En deur die Heilige Gees se werk in hulle het hulle begin glo. Dus is hulle geloof gegrond op die krag van God. En omdat Christus sy kerk bou, sal die magte van die doderyk dit nie kan oorweldig nie.

Dit beteken nie dat die magte van die doderyk nooit sal probeer om die kerk te oorweldig nie. In Galasië het dit wel gebeur. Kort nadat Paulus aan hulle die evangelie verkondig het, het daar mense gekom wat 'n ander boodskap kom verkondig het. Hulle het hulle boodskap ook evangelie genoem. Maar inderwaarheid het hulle boodskap die gelowiges weggerokkel van die enigste waarheid af. In plaas daarvan dat hulle ook Jesus Christus as die enigste Verlosser verkondig het, het hulle gesê dat die gelowiges ook nog eers besny moes word voordat hulle werklik verlos kon wees.

Oor hierdie dwaling draai Paulus nie doekies om nie. Onomwonde stel hy dat daar nie 'n ander evangelie kan wees nie. Enige byvoeging, weglating of verdraaiing van die suiwer verkondiging van Jesus Christus kan nie meer evangelie genoem word nie. Dit kan hoogstens 'n verhaaltjie genoem word, 'n valse verhaaltjie. Daarom sê Paulus twee maal met heilige erns en heilige woede: As iemand, selfs een van die apostels of 'n engel uit die hemel, aan die gelowiges 'n sogenaamde evangelie verkondig wat in stryd is met die evangelie wat reeds aan hulle verkondig is, die vloek van God so 'n verkondiger sal tref. So een sal van alle genade en liefde van God afgesluit wees en net die toorn en oordeel van God sal op hom rus.

Geliefdes, die ware kerk verwerp dus alles wat in stryd is met die Woord van God. As die evangelie nie suiwer verkondig word nie, moet dit verwerp word. As die sakramente nie suiwer bedien word soos wat Christus dit ingestel het nie, moet dit verwerp word. Die sakramente – daar is immers net twee, naamlik die doop en die nagmaal – verkondig niks anders en niks meer as die heilige evangelie nie. In die sakramente gee Christus in die beeld van water en van brood en wyn die waarheid weer wat verkondig moet word, naamlik dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God wat vir ons sondes gekruisig is. Die sakramente kan hierdie waarheid alleen verkondig wanneer dit suiwer bedien word. As die sakramente nie meer in ooreenstemming met die Woord van God bedien word nie, is dit in stryd met die Woord en moet dit verwerp word.

In die ware kerk sal die prediking van die evangelie altyd as sleutel van God se koninkryk werksaam wees. Die suiwer prediking van die evangelie is reeds die beoefening van die kerklike tug. Die ware

gelowige wat hom ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, sal in die prediking hoor dat die koninkryk van God vir hom oopgesluit is. En dan gee Jesus ook nog dié versekering: Die wete dat die koninkryk vir jou oopgesluit is, is nie maar net jou persoonlike gevoel nie. In die hemel is die koninkryk oopgesluit deur Christus self, want die prediking is suiwer en jy rig jou lewe in volgens die Woord van God.

En as die ware gelowige in die prediking hoor dat sy lewe nie in ooreenstemming is met die Woord van God nie, draai hy nie maar sy rug op die Woord nie. Hy bekeer hom van sy sonde en neem sy toevlug tot die bloed, die dood, die lyding en die gehoorsaamheid van Christus, want net in Hom vind hy deur die geloof vergewing van sy sondes. Maar die mens wat die suiwer prediking van die evangelie hoor en aanhou om in sy sonde te volhard, sal hoe langer hoe meer hoor dat die koninkryk vir hom gesluit word. Dan is dit ook nie maar net die kerk wat die koninkryk sluit nie, maar Christus wat inderwaarheid die koninkryk in die hemel toesluit vir hierdie ongehoorsame sondaar, want die prediking van die evangelie is suiwer en die ongehoorsame sondaar wil hom nie aan die juk van Christus onderwerp nie.

Geliefdes, ons almal is in die bevoorregte posisie om reeds in 'n kerk te wees. Ons is nie soos die gelowiges in die tyd van die Reformasie uit die Roomse Kerk gedwing deur dwaalleer nie. Ons hoef daarom ook nie eers aan die hand van die Woord te beoordeel watter kerk die ware kerk is waarby die Here ons verplig om ons te voeg nie. Maar nou moet ons egter nie die fout maak om sommer maar net te aanvaar dat die kerk waarin ons behoort die ware kerk is nie. Die kerk bestaan immers altyd in hierdie lewe uit sondaars wat maklik die pad kan byster raak. Daarom moet ons hierdie drie kenmerke steeds aanlê om te beoordeel of die kerk waarin ons behoort nog ware kerk is.

Dit beteken dus die volgende: As die evangelie nie meer suiwer verkondig word nie, moet die Christelike tug bedien word. Nie die kerkraad nie, nie die predikant nie, niemand is bo die reg van God verhewe nie. Ons moenie ter wille van die persoon maar stilbly nie. 'n Kerk wat ware kerk is, moet ware kerk bly. Dit gaan immers oor die eer van die Here. Christus is heilig, daarom moet sy liggaam – die kerk – ook heilig bly, anders word Christus verloën.

As die sakramente nie meer suiwer bedien word nie en daar word begin om af te wyk van hoe Christus dit vir ons ingestel het, moet die Christelike tug toegepas word. Die sakramente moet mos altyd die evangelie suiwer verkondig. Daarom hoort geen bygeloof en afwyking by die doop of die nagmaal nie. En as die onsuivere prediking en die onsuivere bediening van die sakramente maar toegelaat word, dan het die kerk heeltemal verval tot 'n valse kerk. Die Christelike tug word dan nie meer bedien om die sondes te bestraf nie.

Mag die Heilige Gees ons as gemeente van Christus altyd so met God se Woord regeer dat sy ware kerk kan bly. Mag die Heilige Gees elke kind van God in hierdie kerk so beheers dat niemand sal huiwer om enige afwyking van die Woord van God te bestraf nie. Ons bid dat God ons as gemeente van Christus waar sal hou, en as ons nie ware kerk is nie, moet Hy ons tug en so buig dat ons ware kerk sal wees.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 12-2:4, 5 (27:4, 5)

- 4 Ek geloof, met stille^oaanbidding, / in die Heil'ge Gees wat my / in my sondedood gewek het,
my as Trooster leer en lei. / Ek geloof 'n heil'ge eenheid, / wêreldwyd, in Christus een,
wat sy roepstem sal vergader, / deur die lange eeue heen.
- 5 Ek geloof aan die gemeenskap / heilige verbintenis / van wie almal saam 'n eenheid,
in hul Heer een liggaam is. Ek geloof die skuldvergewing, / weeropstanding van die vlees,
en 'n lewe^oin ewige duurte, / as die dood nie meer sal wees.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
21 April 2013